

# N.G. Gemeente Vaalpark

## Gebedsbulletin no 46

## 17 November 2024

**GENADE**
**wat my bemagtig (vervolg)**

**Wat doen genade?**
**"Maar Hy gee groter genade; daarom sȇ Hy: God weerstaan die hoogmoediges, maar aan die nederiges gee Hy genade. Onderwerp julle dan aan God; weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug." Jak 4:6-7**

**Genade verander ons**
Genade bring verlossing en is beskikbaar vir alle mense. Genade bemagtig my en jou om daagliks met selfbeheersing, opregtheid en godsvrug te lewe. Genade verander ons verskonings in versoening en 'n volhoubare Christus-gesentreerde lewenstyl. Genade neem ons menslike, sondige natuur en verander dit in 'n bonatuurlike, vrugdraende natuur wat God eer

**Nederigheid en genade**
God gee Sy genade vir die nederiges, maar Hy weerstaan die hoogmoediges. In eenvoudige terme: Hoogmoed blokkeer God se genade, nederigheid maak God se krane van genade oop.

**Wat is hoogmoed?**
Wat is hoogmoed in die konteks? Hoogmoed is elke gedagte wat ek oprig, elke woord wat ek glo wat teenstrydig is met God se Woord. Baie mense sukkel met oorwinning, want hulle verwerp die inspraak van die Woord. Baie mense bestempel hulleself as Christene en glo dat hulle Christelike lewens voer, maar as dit nie strook met God se Woord nie, is dit 'n leuen en hou dit hulle aan sonde gebonde.

**Verneder jouself en bely die leuen voor God**
Die geheim tot genade is om onsself te verneder (verootmoedig) elke keer wanneer God se Woord die leuen in ons lewens uitwys. Ons moet dit sonder verskoning of selfregverdiging bely en die waarheid erken. Ware belydenis aktiveer God se heiligmakende genade in ons lewens.

**Dit is hoe ons verander**
Dit is hoe God ons verander. Ons hoor die waarheid, dan bely ons in opregtheid die leuen as sonde, ons aanvaar in geloof dat dat God ons gehoor en vergewe het en begin in die nuwe waarheid lewe wat ons nou aanvaar het. Aanvaar God se vergifnis en oorwinning. Dit is 'n proses wat lewenslank aanhou en ons help om meer genade te kry en meer soos God te lewe.

**Die sleutel tot waarheid is nederigheid**
Die verwerping van Bybelse waarhede is die begin van 'n sondige leefstyl. Waarheid is vrymakend as ons dit aanvaar en deur geloof en God se krag begin uitleef. Die sleutel tot oorwinning is waarheid, die sleutel tot waarheid is nederigheid.

**Waarlik vry**
Mag jy glo en beleef dat die opstanding van Jesus ons nie net vergewe nie, maar ook waarlik vrymaak sodat ons God uit oortuiging en in liefde en sonder kompromie kan eer en gehoorsaam. – Philip Pretorius

**Gemeente en algemene voorbidding:**

- Vir ons predikante en hulle gesinne. Vir al die werksaamhede van ons gemeente.
- Vir ‘n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale
- geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir God se Koninkryk en Sy wil om in SA te geskied. Sý plan vir SA. Dat ons regering en almal in gesagsposisies in belyning met God se hart en doel vir Suid Afrika en sy mense en vir die nasies sal kom. Dat Sý Koninkryk en geregtigheid eerste gesoek sal word.
- Dat ons ‘n biddende gemeente sal wees, met ‘n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Kom ons bid met Sy Koninkryksvisie en -misie in ons harte vir ons land. Kom ons belyn ons harte met God se hart. SA draai terug na God toe!
- Vir ons kinders, skoliere, en studente. In besonder vir die matrieks, studente en almal wat met eksamens besig is.

**Gebedsversoeke**

- Lottie Conradie
- Annie Brink
- Jaco Steenkamp
- Tannie Marinda Jordaan
- Johnny Viviers
- Annika Killian
- Leonie Kruger
- Jillian Jansen
- Adri Botha
- Stefaans du Plessis

Danie Theron
Tannie Rina van der Vyver
Rudi Kruger
Anna Chandler
Marlie Holtzhausen
Jaap Naudé
Willie Viljoen
Adri Carstens
Rina du Plessis

**Ons innige simpatie met Monty Pienaar, die kinders, familie en vriende met die afsterwe van Hanna**
**Ons innige simpatie met die familie van Ria Fourie met haar afsterwe**

**Gedagte vir die week**

**Genade verander ons verskonings in versoening en ‘n Christus-gesentreerde lewe.**

**Gebedsversoeke aan:**

Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org